

Dinsdag 18 April

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-20

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-14

Die Heilige Gees bind 'n verskeidenheid gelowiges tot eenheid in Christus

Daar is ernstige verdeeldheid in die gemeente in Korinte, en dit gaan veral oor die genadegawe van spreek in tale. Sommige het minderwaardig gevoel en hulleself amper afgesny van die gemeente: "Omdat ek nie 'n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie." Ander het neergesien op die res omdat hulle die sogenaamde beter gawe van tale gehad het.

Hoe kan die verdeeldheid reggestel word? Deur weer na te dink aan hoe die Heilige Gees ons herskep het, ons nuut gemaak het, ons uit die geestelike dood opgewek het en ons smee tot 'n eenheid. Die Heilige Gees het elkeen in die liggaam van Christus ingelyf en so word almal aan Christus en mekaar tot 'n wonderlike eenheid saamgebond. Die Gees verseël die eenheid en deurdring elkeen, en onderhou so 'n lewende verhouding met Christus en met medelidmate. So kan elkeen die ander dien in die liggaam van Christus, die kerk.

Die Heilige Gees gee 'n verskeidenheid van gawes ter wille van die goeie funksionering van die liggaam. Elke lidmaat wat in Christus glo, kry een of meer gawes. Daarom is die liggaam nie een groot, monsteragtige oog nie. God gee elkeen 'n plek in die liggaam van Christus en die Gees aktiveer elke lid deur die lid te deurdring, te regeer en te versterk. Die liggaam van Christus benodig elke lidmaat en elke gawe en geen lidmaat kan dink ek kan myself amputeer van die liggaam deur niks vir ander en so vir Christus op te offer nie.

Daarom roep die Here ons op om volhardend vir die vervulling met en die deurdringende krag van die Heilige Gees te bid. Ook om met wakker oë te kyk waar ons hierdie unieke liggaam van Christus met ons gawe kan dien.

Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5

Prof. BJ de Klerk (Ben) (emeritus)